

Afrikaans Huistaal

Graad 10

Taalstrukture en –konvensies:

MEMORANDUM

TEKS 1 - KOERANTBERIG

1. Herskryf die opskrif van hierdie berig as 'n goeie volsin. (1)
Sien jy kans vir kakkerlakmelk in jou koffie? Let ook op ander moontlikhede wat die vraagvorm behou. ✓
2. Wat is die betekenisfunksie van die voorvoegsel in **internasionale**? (1)
Inter beteken tussen ✓
3. Watter woord in sin 1 dui aan dat die skrywer nie oortuig is van die feite-inhoud van hierdie teks nie? (1)
glo ✓
4. Reduseer die eerste sin van die berig tot 'n enkelvoudige sin. (1)
Internasionale navorsers het glo 'n nuwe gesonde, voedsame supervoedsel ontdek. ✓
5. Lewer kommentaar op die woordsoortelike funksie van die werkwoord **is** in die eerste sin van paragraaf 2. (2)
Die eerste is (by is gepubliseer) word is gebruik as 'n hulpwerkwoord. ✓ Die tweede is word gebruik as 'n koppelwerkwoord. ✓
6. Kombineer die ondertreeppe sinne in paragraaf 2 tot 'n saamgestelde sin. Gebruik 'n betreklike voornaamwoord in jou antwoord en ondertreep die voornaamwoord wat jy gebruik. (1)
Dit bevat meer as drie keer soveel energie as buffelmelk wat bekend is om sy ryk voedingswaarde. ✓
7. Korrigeer die spelfout wat in paragraaf 2 ten opsigte van 'n deelteken begaan is. Verduidelik ook waarom die deelteken nodig is. (2)
Proteïene ✓ Daar is 'n opeenhoping van vokale en die deelteken moet die skeiding tussen lettergrepe aandui. ✓
8. Verander die bevelsin waarmee paragraaf 3 begin na 'n versoeksin. (1)
Moet egter asseblief nie bekommerd wees nie. ✓
9. Gebruik die volgende sin uit paragraaf 3: *Jy sal nie in die afsienbare toekoms kakkerlakmelk langs die beesmelk in jou supermark sien nie.*
- 9.1 Skryf die voorwerp van hierdie sin neer. (1)

Kakkerlakmelk ✓

- 9.2 Skryf 'n bywoordelike frase van tyd neer. (1)
In die afsienbare toekoms ✓
- 9.3 Benoem die frase wat onderstreep is. (1)
Bywoordelike frase van plek ✓

TEKS 2 - SPOTPRENT

10. Watter hulpwerkwoord wat in die teks gebruik word dui moontlikheid aan? (1)
Kan ✓
11. Die woord **melk** word 2 keer in die spotprent gebruik, maar as twee verskillende woordsoorte. Verduidelik. (2)
By kakkerlakmelk is melk 'n s.nw. ✓ en by melk in sin 2 'n ww. ✓
12. Verduidelik die gebruik van die leestekens in sin 2. (2)
Die vraagteken word gebruik omdat dit 'n vraagsin is ✓ en die uitroepteken wys die koei se verbasing. ✓
13. Met watter woord(e) sou jy die voornaamwoord **jy** in sin 2 kon vervang sonder om die betekenis te verander? (1)
'n Mens – die vnw. verwys nie hier na die koei, genaamd Blommie, nie.
14. Sin 2 is in die bedrywende vorm geskryf. Skryf dit oor in die lydende vorm. (1)
Blommie, hoe WORD 'n koei gemelk?
15. Skryf die koei in sin 2 se vraag in die INDIREKTE rede. Begin so: *Die koei vra ...* (1)
Die koei vra AAN BLOMMIE ✓ hoe jy 'n kakkerlak melk.
16. Voltooi: Fyntjies is in hierdie teks 'n bywoord van ... (1)
Manier/wyse ✓
17. Wat beteken die voorvoegsel **super** in supervoedsel? (1)
Beter as die ander/baie groot/besonders ✓
18. Skryf twee woorde uit sin 1 neer wat tydens normale uitspraak gewoonlik geassimileer word. (1)
van die word vannie ✓

TEKS 3 – ADVERTENSIE TEKS

19. Lees die inhoud van die kopieteks en verduidelik in jou eie woorde wat die opskrif van hierdie advertensie beteken. (1)
Al hoe meer mense praat deesdae Afrikaans. ✓

20. Deur verskillende voor- en agtervoegsels te gebruik kan ons verskillende betekenis aan 'n woord gee. Bewys hierdie stelling deur die woord **geluister** uit die teks te gebruik. Versterk jou antwoord verder deur ten minste een van jou voorbeelde in 'n sin te gebruik. (2)

Die stam luister kan ander voorvoegsels kry. Soos in verluister/beluister (✓)

Voorbeeldsin: Ek verluister my aan die oom se interessante stories/ Ek het sy lieg storie eers mooi beluister (✓)

OF Luister kan agtervoegsels kry soos in luisteraar/luisterbaar. (✓)

Voorbeeldsin: Die omroeper gesels lekker met die luisteraars/Sommige tienermusiek is tog heel luisterbaar. (✓)

Let ook op ander opsies ✓ vir gepaste woord ✓ vir korrekte betekenis in 'n sin aangebied.

21. Word die woord **tong** in hierdie advertensie konnotatief of denotatief gebruik? Verduidelik jou keuse. (2)

Denotatief ✓/ Die letterlike tong wat ons gebruik om mee te praat word bedoel

✓

22. Waarvoor staan die afkorting **www**? (1)
Wêreldwye web (Let op spelling) ✓

.....